

BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 18/2015

Lees in die Kerkbode van 23 Oktober:



...uitvoerige dekking oor die Algemene Sinode. Lees onder meer die volledige besluite oor selfdegeslagverhoudinge, die pastorale brief van die moderator en assessor en van die reaksies uit die kerk gedurende die eerste week na die sinode.

Daar is 'n onderhoud met ds Nelis Janse van Rensburg, die nuwe moderator, wat sy diep verbintenis tot die evangelie illustreer.

Lees ook twee menselike verhale uit die sinode, 'n sleutelpreek wat tydens die sinode gelewer is en kyk na die fotobeeld van die sinode se bedrywighede.

Lees in die November-uitgawe van LiG:





In die November-*LiG* vertel Jo da Silva hoe die afgelope jaar se swaarkry haar laat beseft het wat haar waarde is. Ons kuier by *Orkney snork nie* se mense, en vind uit wat hulle deesdae doen. *LiG* vertel ook die inspirerende verhaal van 'n boervrou wat ander bemagtig. Ons ontdek hoe om God te aanbid in jou alledaagse lewe. En hieroor moet julle praat voordat julle trou.

Lees ook:

- Daardie tantrum in die winkel – oorleef die spektakel só...
- As jou kind nie meer wil kerk toe gaan nie...
- Jou kind se internet-vriende – is hulle dalk vyande?

Jeugfokus-produkte:

Leef soos Jesus... vir graad 1 – 6:



Hierdie kategese-reeks is spesiaal deur die Kategese-taakspan van die Algemene Sinode met die oog op die geloofsvorming van *laerskoolleerders* ontwikkel.

Hierdie produkreeks bestaan uit drie komponente:

- **Junior** werkboek vir graad 1 - 3 - R55.00
- **Senior** werkboek vir graad 4 - 6 - R55.00
- **Aanbiedersgids** (CD) R300.00 - R370.00

Volledige opsomming van die hoofpunte en besonderhede van elke ontmoeting.

Alle bykomende hulpmiddels.
Integrasie met huidige LP3-inhoud en –komponente.
Gemeentes mag aanbiedersgids vir groepleiers uitdruk.
Pryse hierbo sluit BTW en posgeld in – binne RSA.

Real lewe Take 3:

Lewe met geloof wat real is:

- *Real lewe Take 3* is die derde gespreksgids in hierdie reeks vir senior kategese.
- Dit is spesiaal deur die Kategese-taakspan van die Algemene Sinode van die NG Kerk vir die geloofsontwikkeling van graad 7- en **hoërskoolleerders** ontwikkel.
- Die gespreksgids word aangevul deur die *Huisgeloof-gespreksgids*.
- Hierdie reeks se fokus op Huisgeloof bemagtig ouers om direk by hulle kinders se geloofsvorming betrokke te raak.



Waaruit bestaan die **Real lewe**-pakket?

1. Die **Real lewe-gespreksgids** vir die jongmense wat hulle by elke ontmoeting by die kerk gebruik - prys R45.00
2. Die **Huisgeloof-gespreksgids** met vrae wat by elke ontmoeting aansluit en waaroor gesinne by die huis kan gesels - prys R30.00
3. 'n **DVD** met die volgende daarop, prys R125.00:
 - 'n Volledige leiersgids vir elk van die 29 ontmoetings.
 - 'n Verskeidenheid gedrukte hulpmiddels vir sommige ontmoetings.
 - 'n Verskeidenheid videosnitte en klanksnitte vir sommige ontmoetings.

Pryse hierbo sluit BTW en posgeld in – binne RSA.

BM-katalogi: In die afgelope week is 'n kleurvolle BM-katalogus en 'n Jeugfokus-katalogus na elke gemeente en leraar gepos. Ons hoop dié *inligtingsgidse* van BM sal 'n besondere hulp wees met die keuse van die regte produkte/publikasies vir jou gemeente.

Skribas: Plaas asseblief van tyd tot tyd iets oor/uit die katalogi in jou gemeente se aankondigingsblad sodat lidmate kan kennis neem - baie dankie.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste by www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.